



SACMH LTD

SOUTH AFRICAN COAL MINING HOLDINGS LIMITED

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
 Registrasienuommer 1994/009012/06
 Aandeelkode: SAH ISIN: ZAE0000102034
 ("SACMH" of "die maatskappy" of "die groep")

NAGESIENE VERKORTE VOORLOPIGE JAARRESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2011

Die nagesiene verkorte jaarresultate vir die jaar geëindig 31 Desember 2011 word hieronder aangebied:

R'000	31 Desember 2011		31 Desember 2010
	Nagesien		Geouditeer
BATES			
Nie-bedryfsbates	525 715		537 204
Eiendom, aanleg en toerusting	111 360		111 003
Ontasbare bates	407 130		421 666
Beleggings	7 225		4 535
Bedryfsbates	58 731		67 717
Voorraad	22 349		44 286
Handels- en ander ontvangbare rekenings	35 681		17 957
Kontant en kontantekwivalente	701		5 474
Bedryfsbates gehou vir verkoop	3 242		-
Totale bates	587 688		604 921
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	59 384		173 165
Uitgereikte kapitaal en premie	233 885		233 885
Opgehoopte verlies	(174 501)		(75 966)
Aandeelhouderslening	-		15 246
Nie-bedryfslaste	380 820		372 420
Aandeelhouderslening	213 353		-
Rentendraende laste	989		176 562
Nie-rentendraende laste	34 800		46 600
Nie-bedryfsvoorsienings	34 540		45 772
Uitgestelde belasting	97 138		103 486
Bedryfslaste	147 484		59 336
Handels- en ander betaalbare rekenings	39 419		27 067
Korttermynlenings	-		7 012
Lopende gedeelte van nie-rentendraende laste	18 200		11 400
Lopende gedeelte van rentendraende laste	50 483		8 738
Lopende gedeelte van voorsienings	15 998		5 119
Bankoortrekking	17 224		-
Bedryfslaste gehou vir verkoop	6 160		-
Totale ekwiteit en laste	587 688		604 921
Getal uitgereikte aandele ('000)	452 454		452 454
Netto batewaarde per aandeel (sent)	13,12		38,22
Tasbare netto batetektortwaarde per aandeel (sent)	(54,34)		(31,83)

R'000	31 Desember 2011		31 Desember 2010
	Nagesien		Geouditeer
VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE			
Inkomste	347 338		18 810
Koste van verkope	(341 039)		(7 444)
Bruto wins	6 299		11 366
Andere verliese	-		(1 247)
Valuta(verliese)/winste	(31 481)		3 780
Netto (waardedaling)debiet/omswaaiing van waardedaling	(4 226)		385
Verlies met verkoop/skrapping van bates	(852)		(11 150)
Depresiasie	(28 352)		(10 877)
Amortisasie van mynregte	(11 846)		(1 340)
Rehabilitasievoorsiening	(5 809)		(296)
Bedryfsuitgawes	(17 410)		(24 984)
Bedryfsverlies voor finansieringskoste en belasting	(93 677)		(34 363)
Finansieringskoste	(12 882)		(11 683)
Finansieringsinkomste	1 680		-
Verlies voor belasting	(104 879)		(46 046)
Belasting	6 344		36 015
Totale omvattende verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders	(98 535)		(10 031)
Wesensverlies (sent)	(20,66)		(0,53)
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000)	452 454		452 454
Basiese verlies per aandeel (sent)	(21,78)		(2,21)
Waardedaling per aandeel (sent)	0,93		(0,09)
Verlies met verkoop/skrapping van nie-bedryfsbates per aandeel (sent)	0,19		2,46
Belastinguitwerking daarop (sent)	-		(0,69)
Wesensverlies per aandeel (sent)	(20,66)		(0,53)

R'000	31 Desember 2011		31 Desember 2010
	Nagesien		Geouditeer
VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT			
Saldo op 31 Desember 2009	45 246	188 639	11 607 (65 935) 179 557
Toename in ekwiteitslenings	-	-	3 639
Totale omvattende verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders	-	-	(10 031)
Saldo op 31 Desember 2010 – Geouditeer	45 246	188 639	15 246 (75 966) 173 165
Ekwiteitslenings oorgeplaas na nie-bedryfslaste	-	-	(15 246)
Totale omvattende verlies toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders	-	-	(98 535)
Saldo op 31 Desember 2011 – Nagesien	45 246	188 639	- (174 501) 59 384

R'000	31 Desember 2011		31 Desember 2010
	Nagesien		Geouditeer
VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT			
Kontantvloei gegeneer uit/(aangewend in) bedrywigheide	6 573		(50 165)
Netto finansieringskoste betaal	(11 201)		(11 683)
Belasting terugbetaal	-		2 083
Netto kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite	(4 628)		(59 765)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(36 286)		(13 942)
Koop van eiendom, aanleg en toerusting	(36 286)		(13 942)
Toename in beleggings	-		(4 535)
Netto kontant gebruik in beleggingsaktiwiteite	(36 286)		(18 476)
Kontant uit finansieringsaktiwiteite	(7 304)		-
Lening terugbetaal	(7 304)		-
Netto aanspreeklikhede aangegaan	26 221		76 734
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	18 917		76 734
Netto afname in kontant en kontantekwivalente	(21 997)		(1 508)
Kontant en kontantekwivalente aan begin van jaar	5 474		6 982
Kontant en kontantekwivalente aan einde van jaar	(16 523)		5 474

VOLDOENINGSVERKLARING EN OPSTELLINGSGRONDSLAG
 Die verkorte finansiële state is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, en RE 500-standaarde wat deur die Rekeningkundigepraktike-raad uitgereik is), die Maatskappywet van Suid-Afrika en die Noteringsvereistes van JSE Beperk opgestel. Die rekeningkundige beleid wat gebruik is om die finansiële state op te stel, is konsekwent toegepas op alle tydperke wat aangebied word.

Hierdie finansiële resultate is deur die maatskappy se ouditeure, Deloitte & Touche, nagesien. Hulle het 'n ontkenning oor hulle nasiening aangaande 'n weselike onsekerheid rakende die waardasie van mineraalregte en die maatskappy se vermoë om as 'n lopende onderneming voort te gaan, uitgespreek. Hulle ontkenning nasieningsrapport is by die geregistreerde kantoor van die maatskappy ter insae beskikbaar.

Die finansiële state is op die lopende-onderneming-grondslag opgestel met inagneming van die feit dat die groep afhanklik is van JSW Energy Limited ('n maatskappy wat op die Indiese aandelebeurs genoteer is en deur middel van sy filiaal JSW Natural Resources South Africa (Proprietary) Limited ("JSW") bedrywig is), wat sal voortgaan om SACMH te steun. JSW het skriftelik te kenne gegee dat dit sy vaste voorneme is om voort te gaan om finansiële steun te verskaf, onderworpe aan die volgende:

- JSW verkry direksiegoedkeuring vir die bykomende befondsing op die betrokke tydperk;
- JSW kom alle reguleringsvereistes na soos deur Indiese wetgewing bepaal; en
- JSW bly die meerderheidsaandeelhouer.

JSW het hulle voortgesette steun gedurende die huidige finansiële jaar bewys.

KOMMENTAAR

1. Prestasie vir die 12 maande tot 31 Desember 2011

Mynboubedrywigheide en bedryfsprestasie

Die mynboubedrywigheide het sowel oopgroef- as ondergrondse bedrywigheide ingesluit en is in die tweede deel van 2010 ooreenkomstig die besluit van die direksie en aandeelhouders hervat. Die mynbou-ervaring in die eerste kwartaal was swak en daar is besluit om 'n omvattende hulpronevalueringprogram te implementeer (soos in aantekening 4 hieronder genoem).

Die geologiese inligting beskikbaar uit die destydse mees onlangse Competent Person's Report ("CPR") vanaf 2008 het geblyk gebrekkig of onakkuraat te wees om die implementering van effektiewe en gedetailleerde mynbeplanning moontlik te maak, gewone die aard van toestande. Bykomende vullingsboorwerk (as deel van die hulpronevalueringprogram wat in aantekening 4 genoem word) is in die oopgroefbedrywigheid gedoen om te help om mynbedrywigheide meer effektief te bestuur. Die voordele hiervan het in die laaste vyf maande van die finansiële jaar 'n uitwerking gehad deurdat meer effektiewe mynboubeheermaatreëls geïmplementeer kon word. Produktiewolumes het in November 2011 'n hoogtepunt van 99 000 ton onbehandelde steenkool (2010: 32 000 ton) bereik, met 'n gemiddelde van 77 000 ton

vir die tweede helfte van 2011. Gedurende die jaar onder oorsig is 811 000 ton (2010: 89 000 ton) onbehandelde steenkool geproduseer. Die onbehandelde steenkool is volgens 'n RB1-spesifikasie verwerk (behoudens die inherente swaeflakke wat gemiddeld tussen 1,0% en 1,2% was), met 'n verwagte gemiddelde verwerkingsopbrengs van 52%.

Ondanks verbeterde mynboubeheermaatreëls, wat verbeterde produksie en konsekwente koste tot gevolg gehad het, het geologiese verliese hoog gebly en 'n negatiewe impak op koste per ton gehad, veral ten opsigte van oopgroefbedrywigheide.

In totaal 425 000 ton (2010: Nul) produk is gedurende die jaar in die uitvoermark verkoop, wat omset van R337 miljoen (2010: Nul) teen 'n gemiddelde verkoopprijs van VSS109,63 per ton (2010: Nul) verteenwoordig, met 'n totaal van 362 000 ton (2010: 37 000 ton) wat uit bedrywigheide geproduseer is.

Logistiek

Die groep het alle spoorgeregtigheid ten opsigte van die Richardsbaaise Steenkoolleindpunt ("RBCT") vir die jaar gebruik. Die groep se RBCT-spoortoewysing ooreenkomstig die Quattro-toewysingskema wat deur die Departement van Minerale en Hulpbronne geadmireer word, is tot 157 000 ton (2010: 207 000 ton) verlaag. 'n Toewysing van 'n bykomende 30 000 ton is ooreenkomstig die Fase V-ooreenkoms met RBCT teen 'n koste van R2,7 miljoen verklaar, wat tot gevolg gehad het dat die totale geregtigheid ooreenkomstig die groep se Fase V tot 100 000 ton per jaar (2010: 70 000 ton) toegeneem het. Die totale spoortoewysing tot beskikking van die groep het tot 257 000 ton (2010: 277 000 ton) afgeneem.

Valutawinste/(verliese)

Die groep is gedurende die jaar steeds finansiële gesteun deur JSW deur middel van, onder andere, 'n lening van VSS\$22,9 miljoen (2010: VSS\$19,0 miljoen) vanaf 'n filiaal van JSW. Veranderings in die rand/dollar-wisselkoers het 'n ongerealiseerde verlies van R30,8 miljoen (2010: wins van R3,8 miljoen) op hierdie lening uitstaande by die jaareinde tot gevolg gehad.

Valuta(verliese)/winste op omset het R0,7 miljoen (2010: Nul) vir die jaar bedra.

Amortisasie van mynreg

Amortisasie van die mynregte het gedurende die jaar tot R11,8 miljoen (2010: R1,3 miljoen) toegeneem as gevolg van die toename in mynbou-aktiwiteit en die potensieel afname in ontginbare hulpbronne; die amortisasiedebietkoers stem ooreen met vorige jare.

Belasting

As gevolg van die verliese wat gedurende die jaar gely is, is geen inkomstebelasting-aanspreeklikheid opgeloopt nie. 'n Afname in die uitgesteldebilting-aanspreeklikheid van R6 miljoen (2010: R36 miljoen) is opgeteken as gevolg van die afname in die drawaarde van die mynreg en veranderings, en veranderings aan die rehabilitasie-aanspreeklikheid.

2. Batebestuur

Kapitaalbesteding

Kapitaalbesteding van R36,3 miljoen (2010: R13,9 miljoen) is gedurende die jaar aangegaan. Die opgradering van die wasaanleg is gedurende die jaar ten volle in bedryf gestel om kapasiteit en doeltreffendheid teen 'n koste van R12,0 miljoen te verbeter, en die ontsluiting van die Vlakfontein-oopgroefreserwe is voltooi, tesame met die hervatting van mynbedrywigheide by die Moofontein ondergrondse afdeling teen 'n koste van R14,3 miljoen.

Bates gehou vir verkoop

'n Ooreenkoms vir die verkoop van grond en geboue met 'n drawaarde van R3,2 miljoen wat deur Ilanga Coal Mines (Pty) Limited gehou word, is gedurende die jaar gesluit. Die rehabilitasie-aanspreeklikheid van R6,1 miljoen wat in aanspreeklikhede ten opsigte van bates gehou vir verkoop ingesluit word, sal deur die koper aangeneem word. Die oordrag van die eiendom sal na verwagting teen 30 Junie 2012 plaasvind.

Rehabilitasiekoste

Vooriening vir rehabilitasiekoste is gemaak en sluit volledige mynbou-openbaarmaking en die rehabilitasie van vorige bedrywigheide in. Toenames in die geraamde rehabilitasiekoste het 'n toename in die geraamde rehabilitasie-aanspreeklikheid tot gevolg gehad.

3. Lopende onderneming

Die groep se lopende onderneming is deur die ondersteuning van JSW onderskryf. JSW het sy voorneme om sy finansiële ondersteuning van SACMH voort te sit skriftelik bevestig. Dit blyk ook uit die verdere befondsing wat gedurende die jaar beskikbaar gestel is.

Ooreenkomstig die leningsooreenkoms met JSW het die groep onderneem om nie terugbetaling van sy leningsrekenings te aanvaar nie totdat SACMH se bilik gewaardeerde bates sy laste oorskry. Hierdie lenings is voorheen in ander rentendraende laste ingesluit.

Ooreenkomstig die groep se mynlewenduurplan ("LMP") word verwag dat bedrywigheide teen 2015 positiewe kontantvloei sal oplever nadat alle skuld en kapitaalvereistes betaal is. Die groep se groot aandeelhouer het hom daartoe verbind om befondingsvereistes wat gedurende hierdie tydperk nodig is te steun, onderworpe aan sekere voorwaardes wat hierbo uiteengesit word.

Terugbetaling van die bedrae verskuldig ooreenkomstig die Fase V-investering by RBCT is ten volle verskuldig teen 31 Desember 2012; in dié opsig is die bedrag van R48,2 miljoen (2010: R6,0 miljoen) in lopende rentendraende laste ingesluit.

4. Bygewerkte staat van reserwes en hulpbronne

Met verwysing na vorige kommunikasies aangaande hierdie kwessie, toe die maatskappy verklaar het dat hy met 'n omvattende program van hulpronevaluering en eksplorasiëboorwerk begin het, wat in April 2011 'n aanvang geneem het, kan die maatskappy nou verklaar dat die boorprogram met alle verwante resultate en ontleding in Februarie 2012 voltooi is. Ongeveer 280 bykomende kernboorgate is geboor, met 70% kernuitligboorwerk wat opgeteken is. Al drie teikenlae is deur 'n geakkrediteerde laboratorium in Middeburg ontleed.

Die bygewerkte geologiese inligting wat deur SRK in hulle Onafhanklike Ingenieursverslag ("IER") geëvalueer is, weerspieël 'n aansienlike afname in die Hulpbron- en Reserweramings in vergelyking met 'n vorige CPR wat in 2008 deur SRK Consulting opgestel is, toe die bruto tonneemaat in situ ("BTIS") as BTIS van 41 Mt en onbehandelde tonneemaat van 25,7 Mt aangegee is. 'n Afskrif van die IER is op die maatskappy se webtuiste ter insae beskikbaar.

Die direksie, tesame met JSW, onderneem tans 'n volledige evaluering van die IER, insluitende elke aspek van die hulpbron voor enige potensieel veranderings bevestig word, om geleentheid vir die verdere maksimalisering van ekonomiese ontginning deur middel van gedetailleerde werktuigkundige en uitvoerbaarheidsstudies, insluitende die volgende, te identifiseer:

- 'n Evaluering van die gepaste mynboumetodologie en -tegnologie, om die C Boonste en C Onderste lae van die Voorslagmyn ekonomies te ontgin; dit is verantwoordelik vir 'n betekenisvolle gedeelte van die toekomstige ontginbare reserwes en hoërgehalte-steenkool.
- Verfyning van ondergrondse pilaarontwerp en ondersoek van gedeeltelike pilaarlossing.
- Verbetering van oopgroefmynbouoelreffendheid wat die oopgroefvoetspoor in die Voorslag-myngebied kan vergroot
- Evaluering van verskillende onbehandelde materiaalbronne vir vermengingsdoeleindes en ander afgeleide produkte om hoër inherente swaeflakke te versag.

As gevolg van die onsekerheid oor die waarde van 'n potensieel afname in ontginbare reserwes het die direksie besluit om geen waardedalingdebet in hierdie stadium te skep nie tot tyd en wyl die resultate van bogenoemde ondersoek voltooi is. Daar word verwag dat dié ondersoek voor die einde van die hierdie jaar voltooi sal wees.

Die impak van die potensieel afname in die reserwes kan 'n waardedaling van die mynboubate tot 'n waarde van R173,2 miljoen tot gevolg hê.

5. Finansieringsaktiwiteite

JSW

Gedurende die jaar het JSW 'n verdere R27,1 miljoen (2010: R19,1 miljoen) voorgeskiet om die wasaanleg-opgraderings te finansier en bedryfskapitaalverleistes aan te vul. Die aandeelhouer gaan voort om deurlopende finansiële steun aan die groep te verleen.

JSW het die lening van R15,246 miljoen vanaf Mainsail Investments gedurende die jaar verkry as deel van die verkoopopsie wat op 31 Oktober 2011 deur Royal Bafokeng Holdings uitgeoefen is. JSW het besluit om nie die lening in ekwiteit om te skep nie.

Gebeurtenisse na die balansstaatdatum

JSW het verdere fondse beskikbaar gestel om Standard Bank se korttermynfasiliteite te vervang.

Daar is by die Departement van Minerale en Hulpbronne aansoek gedoen om omgewingsgoedkeuring vir die ontginning van die Voorslag-gebied. Soos aangedui in die vrystelling wat in 18 April 2011 via SENS gedoen is, het die verdragings met die goedkeuringproses 'n afname in produktiewe vlakke tot gevolg gehad, omdat die Vlakfontein-oopgroefbedrywigheide gedurende Maart 2012 voltooi is. Die maatskappy begin tans met kosteverlagingsaksies om hierdie situasie te verbeter.

Kapitaalbestedingsverbintenisse

Geen weselike verbintenisse is goedgekeur nie.

Gebeurtenisse en verbintenisse

Daar was geen verandering in die moontlike bates en laste wat voorheen geopenbaar is nie.

Vooruitsigte

Die heersende scenario's en huidige vlak van bedrywigheide dwing die groep en sy direkteure om 'n omvattende strategiese oplossing vir die besigheid na te streef. Dit kan 'n aantal sleutelsenario's behels. Die potensieel aansienlike afname in die ontginbare reserwes en die impak op die toekomstige mynlewenduur, wat in hierdie stadium fundamenteel die ondergrondse B-laag met sy sistemies relatief swak opbrengs en hoër swaai is, dwing die maatskappy en sy direkteure om 'n strategiese oplossing vir die besigheid na te streef. Dit kan 'n aantal sleutelsenarios insluit. Die maatskappy se logistiekbates en uitvoerkapasiteit het aansienlike waarde, en 'n aantal strategiese opsies word ondersoek wat die grootste waarde uit hierdie waarde kan put en dit kan ontsluit.

Die komende SEB-transaksie behels 'n groep potensieel beleggers en teenpartyte wat heel moontlik 'n omvattende strategiese oplossing kan verskaf. Die proses in hierdie verband sal binnekort ná die vrystelling van hierdie voorlopige resultate begin.

Onafhanklike Ingenieurs Verslag

Soos in aantekening 4 aangedui, is 'n IER deur SRK opgestel. Die potensieel beduidende verandering in ontginbare reserwes vanaf die posisie in 2008 bekommer die direksie en die maatskappy se meerderheidsaandeelhouer. Nieteenstaande die rekonsiliasie van die verskille wat in die IER aangebied word, kan die maatskappy en/of sy groot aandeelhouer 'n verdere ondersoek in dié verband instel indien hulle dit nodig ag.

Veranderings aan direksie

Mnr WN Gardyne, 'n nie-uitvoerende direkteur van die maatskappy wat New Africa Mining Fund verteenwoordig het wat die JSW-aanbod aan aandeelhouders aanvaar het om hulle aandele te verkry, het op 10 Januarie 2011 as 'n direkteur bedank.

Mnr GM Scrutton het op 1 Februarie 2011 as 'n nie-uitvoerende direkteur bedank.

Dr V Lickfold, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur, sou volgens rotasie herkiesbaar wees op die algemene jaarvergadering wat op 18 Augustus 2011 gehou is. As gevolg van groter verantwoordelikhede en verbintenisse het sy bekend gemaak dat sy nie op laasgenoemde vergadering herkiesbaar sou wees nie.

Mnr LM Ndala het op 31 Augustus 2011 as 'n direkteur bedank as gevolg van groter verbintenisse by Royal Bafokeng Holdings.

Mnr TV Mokgatla het op 2 November 2011 as voorsitter en as 'n direkteur van die direksie bedank nadat JSW Energy Natural Resources South Africa Limited die totale aandeelbesit van die Royal Bafokeng Groep verkry het.

Mnr PP Menon, 'n verteenwoordiger van JSW Energy Limited (die meerderheidsaandeelhouer in die maatskappy), is op 16 November 2011 as 'n nie-uitvoerende direkteur aangestel.

Mnr QMSM Mokoetle is op 6 Februarie 2012 as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en voorsitter van die direksie aangestel.